# Riglyne vir Presidensiële Werkskepping-stimulus Begunstigdes

### Die MOETS vir Presidensiële Werkskeppingstimulus begunstigdes

1. Die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling (DLGLO) kommunikeer deur middel van SMS'e met Presidensiële Werkskeppingstimulus begunstigdes. Reageer dus asseblief op SMS'e wat slegs deur DLGLO gestuur word.
2. Stoor alle SMS'e wat deur DLGLO gestuur word op jou selfoon. Indien moontlik, skryf dit asseblief neer vir toekomstige gebruik of ingeval jy jou selfoon verloor.
3. Wanneer jy twyfel oor enigiets rakende die Presidensiële Werkskeppingstimulus, doen asseblief die volgende:
    a. Bel jou provinsiale Presidensiële Werkskeppingstimulus-koördineerder op die nommer onderaan hierdie riglyne.
    b. Stuur 'n SMS met jou provinsie se naam.
    c. Stuur 'n e-pos na queries@dalrrd.gov.za met jou provinsie se naam en die selfoon nommer wat jy gebruik het om vir die Presidensiële Werkskeppingstimulus aansoek te doen.
    d. Besoek of bel jou plaaslike Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling kantoor.
    e. Besoek of bel jou plaaslike voorligtingsbeampte.
4. As jy jou selfoon verloor het en jy kan nie 'n SIM-uitruiling doen nie, kan jy altyd enige van die departement se regeringsamptenare deur middel van enige van die kommunikasie metodes hierbo vir bystand kontak.
5. Gebruik asseblief die bogenoemde inligting om met die department te kommunikeer vir enige ander navrae oor die Presidensiële Werkskeppingstimulus.
6. Versoek volledige identifikasie van iemand wat u bel (hul ligging, instelling en name) en hou die rekords.

### Die MOENIES vir Presidensiële Werkskeppingstimulus begunstigdes

1. Moenie op boodskappe vanaf sosiale platforms, b.v. Facebook, Twitter, WhatsApp, per e-pos, YouTube, ens. reageer nie.
2. Moenie op enige opdrag wat jy deur onbekende mense gegee word reageer nie, vra altyd die persoon wat bel om hulself te identifiseer.
3. Moenie persoonlike inligting, soos ID nommers, vir enigiemand gee nie.
4. Moenie die koopbewys vir kontant omruil nie. As daar uitgevind word jy het dit gedoen, sal reg stappe teen jou geneem word en jy sal vir vyf jaar van regeringsondersteuning op die swartlys geplaas word.
5. Moenie van die landbou projek waarvoor jy met DLGLO kommoditeite aansoek gedoen het afwyk nie.
6. Moenie jou koopbewys nommer vir mense wat voorgee hulle is verskaffers (swendelaars) op sosiale media gee nie. Die departement sal jou aanbeveel waar om die koopbewys te gebruik.

### Provinsiële Koördineerders

| | | |
|---|---|---|
| Oos-Kaap | Khathu Ravele | 072 053 9659 |
| Vrystaat | Nthuteng Makeng • Hulisani Malinda | 078 666 3054 • 082 696 9127 |
| Gauteng | Njabulo Mbethu | 063 472 2481 |
| KwaZulu-Natal | Maropeng Phosa • Bongiwe Phalane | 072 824 0574 • 072 198 7789 |
| Limpopo | Thabile Diphofa • Neria Mphahlele | 072 228 1924 • 073 454 0963 |
| Mpumalanga | Ithuteng Mapheto • Gilbert Mbedzi | 063 475 5592 • 063 472 2633 |
| Noord-Kaap | Boitumelo Booysen | 063 692 5810 |
| Noordwes | Ivan Ramogale • Catherine Legodi | 084 287 9386 • 063 472 2390 |
| Wes-Kaap | Zanele Masoleng | 073 243 2480 |

agriculture, land reform & rural development
Department:
Agriculture, Land Reform and Rural Development
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PRESIDENTIAL EMPLOYMENT STIMULUS

2030 NDP

STAY SAFE
VACCINATE TO SAVE SOUTH AFRICA
TOGETHER WE CAN BEAT CORONAVIRUS